

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Linnerts (08/2009_) [2010] ZAWCHC 56 (24 March 2010)

[2010] ZAWCHC 56

COURT

Western Cape High Court, Cape Town

BEFORE

A M de Swardt, L Bozalek

CASE / FILE NUMBER

08/2009_

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

RAPPORTEERBAAR

IN DIE HOE HOF VAN SUID-AFRIKA (WES-KAAPSE HOE HOF, KAAPSTAD)

Hoe HOF VERWYSINGSNR: 091910

LANDDROS SE SAAKNR: 313/2009

LANDDROS SE REEKSNR: 08/2009

In die saak tussen:

DIE STAAT

en

JOUS LINNERTS Beskuldigde

UITSPRAAK OP HERSIENING

DE SWARDT, WnR:

Die beskuldigde het op 26 Mei 2009 in die Landdroshof te Ladismith tereg gestaan op 'n aanklag van huisbraak en diefstal. Die bewerings in die klagstaat was dat hy op 1 Mei 2009 en te of naby Berg en Dal in die distrik van Ladismith, wederregtelik en opsetlik die woning van ene John Isaacs oopgebreek en binnegegaan het met die opset om te steel en toe wederregtelik en opsetlik 'n hoenderbraaisak, vn blik tamatievis, *n brood, 50g tabak en 'n bottel konfyt gesteel het wat die eiendom was van gemelde John Isaacs. Die klagstaat het ook beweer dat die totale waarde van die gesteelde goedere R74,00 was.

Die beskuldigde, wat verteenwoordig was deur Me K van der Heever, het skuldig gepleit. Dit is duidelik uit sy pleitverduideliking dat die beskuldigde al die elemente van die misdryf erken het en hy is ooreenkomstig sy pleit skuldig bevind. Die landdros het die beskuldigde gevormis tot 36 maande gevangenisstraf en het ingevolge artikel 276B van die Strafproseswet, Nr 51 van 1977, ('die Wet') gelas dat die beskuldigde nie vir parool in aanmerking mag kom alvorens hy 30 maande gevangenisstraf uitgedien het nie.

Na vonnisopieëging het dit tot die landdros se kennis gekom dat hy ingevolge die bepalings van artikel 276B(l)(b) van die Wet slegs by magte was om te gelas dat twee-derdes van die vonnis, met ander woorde 24 maande, as die nie-parool tydperk beskou moes word. Die landdros het die saak derhalwe op 30 Oktober 2009 ingevolge artikel 304(4) van die Wet op spesiale hersiening na hierdie Hof verwys, met die versoek dat hierdie Hof die vonnis dienooreenkomstig moes wysig.

Die saak het gedurende Desember 2009 in hierdie Hof op hersiening gekom voor

Motala, R wat die volgende navraag aan die landdros gerig het:

"In the light of the minimal value of the goods stolen by the accused, the sentence imposed coupled with the order in terms of section 276B of Act 51 of 1977 appears to me to be excessive. Although the trial Magistrate has given a detailed judgment on sentence, he is requested to elaborate thereon, if he so wishes."

In die verdere redes wat die landdros gedurende Februarie 2010 in antwoord op die navraag verskaf het, het die landdros aangevoer dat die geringe waarde van die gesteelde goed, in die lig van die beskuldigde se vorige veroordelings, nie xn ligter straf regverdig nie. Trouens, die landdros was van mening dat die beskuldigde swaarder gestraf moes word, omdat hy bewys het dat hy vn geneigdheid het om by ander mense se wonings in te breek en te steel. Die gemeenskap moes derhalwe, na die landdros se mening, teen die beskuldigde se volgehoue gewoonte om in te breek en te steel, beskerm word. Die landdros het weer eens versoek dat die vonnis slegs gewysig word om te voldoen aan die bepalings van artikel 276B(l)(b) van die Wet.

Die verrigtinge voor die landdros is meganies opgeneem. Die beskuldigde het nie getuienis ter versagting van vonnis afgele nie. Dit blyk egter uit die betoog ter versagting van vonnis wat sy regsverteenvoorder, Me Van der Heever gelewer het, dat die beskuldigde 23 jaar oud was, dat hy by sy pa en broer gewoon het en dat die beskuldigde skolasies sover as standerd 9 (nou graad 11) gevorder het. Hy het ten tyde van die verhoor as vn algemene arbeider op vn plaas gewerk by ene Frikkie Koen en het R280,00 per week verdien. Hy het nog nie 'n vaste aanstelling gehad nie, maar daar was 'n moontlikheid dat hy vas aangestel kon word.

Wat die omstandighede random die pleeg van die misdryf betref, het die beskuldigde se regsverteenvoorder op rekord geplaas dat die beskuldigde geen skade aangerig het om toegang tot die woning van die klaer te kry nie. Die deur van die huis was bloot toegemaak en nie gesluit nie, en die beskuldigde het slegs die deur oopgemaak. Die beskuldigde het die goedere geneem en in die loop al die kos opgeet. Ten tyde van die pleeg van die misdryf het die beskuldigde nie werk gehad nie en derhalwe het hy nie geld gehad nie. As gevolg van hierdie situasie het hy die

kos gesteel om te eet.

Die beskuldigde het'n redelike lang rekord van vorige veroordelings watgrotendeels bestaan uit huisbraak en diefstal. Op 20 Julie 1999 is die beskuldigde vir die eerste keer skuldig bevind aan huisbraak en diefstal en by daardie geleentheid is vonnis uitgestel tot 31 Augustus 2002. Hy is derhalwe ingevolge artikel 297(l)(a)(ii) van die Wet vrygelaat. Daarna is die beskuldigde nie minder nie as 7 keer skuldig bevind aan huisbraak en diefstal, die besonderhede waarvan die volgende is:

31 Augustus 1999: Huisbraak met die opset om te steel en diefstal gepleeg op 19 Maart 1999.
Vonnis: 4 maande gevangenisstraf opgeskort

vir 5 jaar;

14 Junie 1999: Huisbraak met die opset om te steel en diefstal gepleeg op 12 Maart 1999. Vonnis uitgestel ingevolge artikel 297(l)(a)(ii)

voormeld;

24 Mei 2001: Huisbraak en diefstal gepleeg op 6 Januarie 2001.

Vonnis: 6 maande gevangenisstraf opgeskort vir 5 jaar.

7 Februarie 2002: Huisbraak met die opset om te steel en diefstal gepleeg op 17 November 2001.
Vonnis: 12 maande gevangenis-straf

wat uitgedien moes word in vn jeuggevangenis.

11 November 2004: Huisbraak met die opset om te steel en diefstal gepleeg op 17 September 2004.
Vonnis: 24 maande gevangenis-straf;

22 Mei 2006: Huisbraak met die opset om te steel en diefstal gepleeg op 16 Februarie 2006.
Vonnis: 30 maande gevangenis-straf.

Op 25 Januarie 2008 was die beskuldigde op parool vrygelaat tot 21 November 2008. Op 18 Augustus 2008 is hy egter weer tot die gevangenis toegelaat om die oorblywende 96 dae van sy straf uit te dien, omdat hy die voorwaardes van sy parooltoesig verbreek het en op 21 November 2008 is hy vrygelaat by die verstryking van sy vonnis. Die huidige oortreding is net meer 5 maande later begaan.

Soos die Staatsaanklaer tydens betoog tereg uitgewys het, gaan die gemeenskap swaar gebuk onder hierdie tipe misdryf. Die klaer in die saak was 'n arm man wat nie kon bekostig om sy huis met diefalarms en dies meer te beveilig nie. Hy is ook maar 'n plaaswerker wat 'n klein salaris verdien en vir wie die verlies van die gesteelde items aansienlik sou wees.

Dit is duidelik uit die oorkonde van die verrigtinge dat die landdros baie gewig verleen het aan die feit dat die beskuldigde soveel vorige veroordelings vir huisbraak en diefstal het. Die landdros het trouens soveel gewig aan hierdie faktor verleen dat hy dit oorweeg het om die beskuldigde na die Streekhof te verwys vir doeleindes van vonnisoplegging, omdat hy nie by magte was om 'n

vonnis van meer as 3 jaar gevangenisstraf op te le nie. Die landdros was egter klaarblyklik van oordeel dat die Streekhof die beskuldigde nie swaar genoeg sou straf nie. Trouens, die landdros het in soveel woorde daarna verwys dat \.. ongelukkig het die hof ook die situasie dat die plaaslike streekhof is geneig om sake wat van die distrishof af soontoe gestuur word, baie lig te behandel...'. Die landdros het, ten spyte van die geringe waarde van die gesteelde goedere, tot die gevolgtrekking gekom dat die gemeenskap teen die beskuldigde beskerm moes word en het derhalwe die maksimum vonnis opgele wat binne sy jurisdiksie was.

Dit is geykte reg dat xn vonnisoplegger aandag moet gee aan drie elemente - die misdaad, die oortreder en die belange van die gemeenskap (5 vZinn 1969 (2) SA 537(A) op 540G) - en dat daar gepoog moet word om 'n balans tussen hierdie elemente te handhaaf. Oorbeklemtoning of onderbeklemtoning van die een of ander van hierdie elemente stel vn mistasting daar.

Daarbenewens moet'n element van genade ook die vonnis deurstraal (5 v Kumalo 1973 (3) SA 697(A) op 698). Daar moet voorts gepoog word om uitvoering te gee aan die oogmerke wat met straf gepaard gaan, synde afskrikking, voorkoming, hervorming en vergelding.

Daar is geen standaardresep wat aangewend kan word om te bepaal wat in elke geval 'n gepaste vonnis daarstel nie. In die finale instansie moet al die tersaaklike faktore deeglike oorweging geniet en moet die vonnisoplegger 'n regverdige en billike straf ople. Dit beteken, onder meer, dat dit nie veroorloof is om vanwee die publieke belang 'n vonnis op te le wat so swaar is dat dit totaal buite verhouding is met die omstandighede van die geval en die morele laakbaarheid wat aan die oortreder kleef nie. Plasket R het dit soos volg gestel in S vMako 2005 (2) SACR223 (ECDj).

"... irrespective of the broader circumstances that prevail, the need to deter the commission of offences through sentencing may not go beyond what is just. This principle was stated in clear terms by Miller J in S v Khulu. After stating that XI cannot conceive of any principle which could justify, forthesake of deterrence, the imposition of a sentence grossly in excess of what, in the circumstances of a particular case and having regard only to the crime and the degree of the particular offender's moral reprehensibility, would be a just and fair punishment', he held:

'It is, I think, a truism that just as a court should not, in an excess of compassion or pity, show a criminal convicted of a serious and prevalent type of crime undue leniency at the expense of the best interests of society, so it should not by over-zealous protection of society denigrate the concepts of justice and fairness in relation to the individual offender. That, when all has been said, remains the true function of the court in any criminal case - to do justice to the State and to the man in the dock - to acquit him if he is not guilty, but to convict him if he is guilty and then to sentence him, within the framework of the law, according to what is just and fair in the circumstances. Where it is not possible to reconcile with the need to protect society a sentence which, having regard only to the crime and the offender, appears to be appropriate, a court would disregard its duty and abuse its powers if it did not ensure that the deviation from justice (in the sense of imposing punishment more severe than the particular offender merited) was no greater than was necessary in the public interest and that the sentence, though more severe than it would otherwise have been, was nevertheless not unreasonable in the circumstances.'"(die verwysing naS vKhulu is 1975 (2)SA518 (N)).'

Plasket R het, met verwysing na die uitspraak van Howie WnAR (soos hy toe was) in S v Sobandla 1992 (2) SASV613 (A) op 617f-g bygevoeg dat die individualisering van die vonnisproses nie op die altaar van afskrikking opgeoffer kan word nie. Indien dit sou gebeur, sou dit'n onbehoorlike swaar vonnis tot gevolg he en sou die vonnisoplegger sy diskresie op onbehoorlike of onredelike wyse uitoefen.

In S v Mohlakane 2003 (2) SASV 569 (0) het Musi, R bevind: "Apart from the gravity of the offence and the interests of society, sentence is determined largely by the unique circumstances of each accused, the manner of execution of the crime and the circumstances surrounding its commission;"

Dit is duidelik uit die oorkonde in die onderhawige saak dat die landdros die omstandighede waaronder die misdryf gepleeg is en die geringe waarde van die gesteelde goedere, bykans buite rekening gelaat het en weinig aandag gegee het aan die persoonlike belange van die beskuldigde. Die landdros het inderdaad die individualisering van die straf opgeoffer ten gunste van die beskerming van die gemeenskap se belang. In hierdie proses het die landdros 'n vonnis gevel wat klaarblyklik buite verhouding swaar was tot die misdryf in die onderhawige geval.

Die landdros het inderdaad in sy poging om die gemeenskap te beskerm, uit die oog verloor dat 'n behoorlike balans gehandhaaf moet word tussen die erns van die misdryf, die belange van die gemeenskap en die belange van die beskuldigde.

Dit volg dat die landdros Yi mistasting begaan het en dat dit hierdie Hof derhalwe vry staan om met die vonnis in te meng. Daar is ernstige oorweging daaraan gegee om die saak na die landdros terug te verwys om van nuuts af vonnisoplegging te oorweeg. Gegewe die druk werkslading waaronder die laer howe gebuk gaan en die feit dat so *n stap die finale afhandeling van die saak verder sal vertraag, het hierdie Hof egter besluit om self 'n gepaste vonnis op te le.

In die omstandighede van die onderhawige saak sou hierdie Hof, indien dit die vonnisoplegger was, gebruik gemaak het van die bepalings van artikel 285 van die Wet en 'n vonnis van periodieke gevangenisstraf opgele het. Daar was ongelukkig egter reeds'n lang vertraging en die beskuldigde het nou reeds ongeveer 10 maande gevangenisstraf uitgedien.

Die voglende bevel word derhalwe gemaak:

1. Die beskuldigde se skuldigbevinding aan huisbraak met die opset om te steel en diefstal word bekragtig.
2. Die vonnis wat die landdros die beskuldigde opgele het, word deurgehaal en word vervang met die volgende: "16 maande gevangenisstraf waarvan 6 maande gevangenisstraf opgeskort word vir 3 jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weerskuldig bevind word aan huisbraak met die opset om te steel en diefstal watgepleeg is tydens die tydperk van opskorting nie."

3. Die Sipier van die gevangenis waar die beskuldigde aangehou word, word gelas om die beskuldigde onmiddellik op die aanklag wat die onderwerp van hierdie uitstpraak uitmaak, te ontslaan en om die beskuldigde onmiddellik vry te laat tensy hy op enige ander klagte(s) verhoorafwagtend is of gevangenisstraf uitdien.

A M DE SWARDT, WnR

Ek stem saam

L BOZALEK, R

24 MAART, 2010

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAWCHC/2010/56.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-linnerts-unknown-topic-awchc-2010>

Prepared on 10 October 2026 · Esheria